CNST

ISEBE LEMFUNDO LEMPUMA KOLONI
EASTERN CAPE EDUCATION DEPARTMENT
OOS-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT

IIMVIWO ZEBANGA LESHUMI ELINANYE
GRADE 11 EXAMINATIONS
GRAAD 11-EKSAMEN

# NOVEMBER 2008

# VERBRUIKERSTUDIES

| | | |
|---|---|---|
| **IXESHA: 3 iiyure** | **TIME: 3 hours** | **TYD: 3 uur** |
| **AMANQAKU: 200** | **MARKS: 200** | **PUNTE: 200** |

*Skryf op die buiteblad van jou antwoordeboek, teenoor die woord "Vak" –*
**VERBRUIKERSTUDIES**

Hierdie vraestel bestaan uit 20 bladsye + 'n antwoordblad.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Afdelings A, B, C en D is VERPLIGTEND. Kies EEN vraag uit AFDELING E, volgens die praktiese komponent wat jy gekies het.

2. AFDELING A moet op die ANTWOORDBLAD beantwoord word en moet AGTER in die ANTWOORDEBOEK geplaas word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.

5. Skryf netjies en duidelik.

## AFDELING A

## VRAAG 1

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

Verskeie moontlike antwoorde word verskaf vir elk van die volgende vrae. Kies die korrekte antwoord en trek ŉ kruisie (X) in die blok (A – D) langs die ooreenstemmende nommer (1.1.1 – 1.1.10) op die ANTWOORDBLAD. Geen punte sal toegeken word indien meer as EEN kruisie (X) per antwoord getrek word.

1.1.1 Mali sweet baie gedurende die warm somermaande. Identifiseer die mees geskikte vesel vir haar lakens:

A Poliëster
B Poliësterkatoen
C Nylon
D Katoen (2)

1.1.2 Tekstuur kan beskryf word as …

A die verhouding tussen voorwerpe.
B die herhaling van kleure.
C die voorkoms en gevoel van ŉ oppervlak.
D die basis van ŉ ontwerp. (2)

1.1.3 Die waarde van kleur verwys na die …

A ligheid of donkerheid van ŉ kleur.
B helderheid of donkerheid van ŉ kleur.
C ligheid of intensiteit van ŉ kleur.
D intensiteit of donkerheid van ŉ kleur. (2)

1.1.4 Eksklusiewe modes word meer algemeen aangetref in …

A afdelingswinkels.
B kettingwinkels.
C hipermarkte.
D spesialiteitswinkels. (2)

1.1.5 Een gram vet verskaf … kilojoules.

A 17
B 20
C 38
D 22 (2)

1.1.6 Die boustene van proteïene is …

A aminosure.
B essensiële aminosure.
C nie-essensiële aminosure.
D die biologiese waarde van proteïene. (2)

1.1.7 Om 'n illusie van hoogte in 'n vertrek te skep, kan die volgende lyne gebruik word:

A Horisontale
B Gekurfde
C Vertikale
D Diagonale (2)

1.1.8 'n Kleurkombinasie wat 'n vertrek warmer sal laat vertoon is …

A pers en blou.
B groen en blougroen.
C oranjegeel en rooipers.
D bloupers en groen. (2)

1.1.9 Die agtergrond area tussen voorwerpe is …

A fatsoen.
B ruimte.
C tekstuur.
D ritme. (2)

1.1.10 Voedselbederf word veroorsaak deur …

A die byvoeging van sout of chemiese preserveermiddels.
B vleis by kamertemperatuur te ontdooi.
C onaktiewe voedsel-ensieme.
D gebruik van lae temperature. (2)

(10 x 2) (20)

## 1.2 HERRANGSKIK-ITEM

Zizipho en Vuyo moet die korrekte stappe in begroting volg. Plaas die onderstaande stappe van begroting in die volgorde waarin jy hulle sal uitvoer. Skryf slegs die letters in die korrekte volgorde op die antwoordblad.

A Maak 'n lys van jou inkomste.
B Evalueer jou begroting en maak aanpassings.
C Bepaal jou behoeftes en stel doelwitte.
D Maak 'n lys van jou geskatte uitgawes.
E Bereken die verskil tussen jou geskatte uitgawes en jou werklike uitgawes. (5)

## 1.3 AFPARINGS-ITEMS

Kies die verbruikersorganisasie of agentskap uit KOLOM A om te pas by 'n beskrywing in KOLOM B. Trek 'n kruisie (X) oor die korrekte letter langs die toepaslike nommer op jou antwoordblad.

| KOLOM A<br>VERBRUIKERSORGANISASIES EN AGENTSKAPPE | KOLOM B<br>BESKRYWING |
|---|---|
| 1.3.1 Suid-Afrikaanse Nasionale Verbruikersunie | A 'n Kommittee, aangestel deur die Minister van Handel en Nywerheid, wat onregverdige besigheidspraktyke ondersoek |
| 1.3.2 Ombudsman | B 'n Groep wat produkte toets en sertifisering gebruik om gehalte te bevorder |
| 1.3.3 Die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde (SABS) | C 'n Kommittee wat verbruikers bewus maak van regte en verantwoordelikhede en veldtogte loods om op te voed en te beskerm |
| 1.3.4 Raad vir Eiendomsagente | D Hanteer klagtes oor die gedrag van agente en enige persoon wat in die kapasiteit van 'n eiendomsagent optree |
| 1.3.5 Die Nasionale Verbruikersforum | E 'n Kommittee wie se doel dit is om goeie lewenskwaliteit sowel as goeie goedere en gehalte dienste te verseker |
| | F Enige onopgeloste dispute van jou versekeraar kan na hierdie kantoor verwys word |
| | G Wetlike advies oor lae koste behuising |

(5 x 2) (10)

1.4 Kies uit KOLOM B die funksies wat die beste by die nutriënte in KOLOM A pas. Trek ŉ kruisie (X) oor die letter op jou antwoordblad.

| **KOLOM A<br>NUTRIËNTE** | **KOLOM B<br>FUNKSIES** |
|---|---|
| 1.4.1 Vitamiene | A Benodig deur die liggaam vir nuwe selgroei en herstel van bestaande selle |
| 1.4.2 Koolhidrate | B Vorm ŉ beskermende lagie onder die vel en help om liggaamshitte te behou |
| 1.4.3 Yster | C Benodig deur die liggaam vir normale groei, ontwikkeling en instandhouding van lewe |
| 1.4.4 Kalsium | D Normaalweg gebruik om energie te verskaf |
| 1.4.5 Proteïene | E Komponent van hemoglobien en mioglobien |
| | F Bevorder sterk tande en bene |
| | G Voorkom bloedklontvorming |

(5 x 1) (5)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: VOEDSEL EN VOEDING

### VRAAG 2

2.1 Bestudeer die onderstaande gevallestudie en beantwoord die vrae wat volg:

> Die Nel gesin was na die opening van hulle vriende se restaurant genooi. Die volgende geregte was bedien: hoenderpastei, wortelslaai, lamsbredie, groenbone en koffie. Later die aand het van hul vriende simptome van voedselvergiftiging getoon.

2.1.1 Identifiseer die patogene organisme wat voedselvergiftiging veroorsaak het. (2)

2.1.2 Noem TWEE simptome van voedselvergiftiging. (2)

2.1.3 Identifiseer uit die gevallestudie voedsels wat aanleiding kan gee tot voedselvergiftiging. (2)

2.1.4 Noem VIER voorsorgmaatreëls wat die restaurant-eienaar moet toepas om dieselfde probleem te voorkom. (4)

2.2 Jou oupa kom by julle familie bly. Gee wenke aan hom oor hoe om goed gebalanseerde maaltye te kies. (4)

2.3 Noem en verduidelik DRIE tipes voedselafsetpunte. Tabuleer jou antwoord as volg:

| VOEDSELAFSETPUNTE | VERDUIDELIKING |
|---|---|
| • | |
| • | |
| • | |

(3 x 2) (6)

2.4 Lys SEWE riglyne wat 'n swanger vrou in ag moet neem om gesond te wees. (7)

2.5 Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord dan die vrae:

| | |
|---|---|
| **GESIN 1** | Marie en haar tienderjarige seun woon in ŉ informele woongebied. Sy maak staat op ŉ staatspensioen van R870,00 per maand. |
| **GESIN 2** | Natalie koop enige iets wat vars en goed is vir haar gesin. Haar tienderjarige dogters eet gereeld by verskillende wegneem-eetplekke. |
| **GESIN 3** | Zizi berei gewoonlik tradisionele maaltye van hoofsaaklik vis en vars groente voor. Haar 16-jarige seun, daarenteen, koop elke dag sy middagete by die plaaslike smouse. |

Beantwoord die volgende vrae deur na die tabel te verwys:

| Voedsel per 100 g | Energie (kcal/kJ) | Proteïene (g) | Vet (g) | Kalsium (mg) |
|---|---|---|---|---|
| 1. Pilchard sardyne in tamatiesous | 470 | 18,9 | 2,8 | 370 |
| 2. Bief | 1044 | 16,8 | 20,5 | 7 |
| 3. Hoender | 954 | 17,6 | 17,7 | 10 |

2.5.1 Kies die voedsel wat die beste in die voedingsbehoeftes van Marie se groeiende 14-jarige kleinseun sal voorsien. (2)

2.5.2 Motiveer jou keuse van bogenoemde keuse in VRAAG 2.5.1. (3 x 2) (6)

2.5.3 Gee TWEE ander faktore wat haar keuse kan beïnvloed. (2)

2.6 Verduidelik die belangrikheid van vesel in die dieët. Noem DRIE voordele. (3)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

## AFDELING C: KLEDING

### VRAAG 3

3.1 Bestudeer die onderstaande baadjie en beantwoord die vrae wat volg:



3.1.1 Indentifiseer die tipes lyn en verskaf 'n voorbeeld van elk. (3 x 2) (6)

3.1.2 Verduidelik die effek van elke tipe lyn op die menslike figuur vorme. (3 x 2) (6)

Tabuleer jou antwoord as volg:

| 3.1.1 TIPES LYN | VOORBEELD | 3.1.2 EFFEK |
|---|---|---|
| • (1) | • (1) | • (2) |
| • (1) | • (1) | • (2) |
| • (1) | • (1) | • (2) |

3.2 "Trots Suid-Afrikaans"

Verduidelik waarom verbruikers aangemoedig word om produkte met hierdie kenteken te koop. (2)


3.3 Verduidelik die riglyne wat toegepas moet word in die volgende persoon se keuse van klere om hul figure te vlei:

3.3.1 groot maag (4)
3.3.2 wye heupe (4)
3.3.3 groot borste (4)

3.4 Noem die faktore wat jou keuse van kleur sal beïnvloed in jou keuse van klere. (5)

3.5 'n Gestremde persoon wil 'n hemp en broek aanskaf. Maak aanbevelings ten opsigte van die maklike aantrek en uittrek waarop so 'n persoon moet let. (4)

3.6 Bestudeer die onderstaande etiket en beantwoord die vraag:




Lys enige VYF nuttige inligting op die etiket wat belangrik vir jou as 'n verbruiker is. (5)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: BEHUISING EN MEUBELMENT

### VRAAG 4

4.1 Bestudeer die onderstaande skets en beantwoord die vrae wat volg:



4.1.1 Identifiseer die tipe balans en verskaf voorbeelde.
Tabuleer jou antwoord as volg.

| TIPE BALANS | VOORBEELDE |
|---|---|
| | • |
| (2) | • (2) |


(4)

4.1.2 Identifiseer die nadrukspunt en motiveer jou antwoord. (3)

4.1.3 Stel TWEE maniere voor om ruimte in die vertrek te skep. (2)

4.1.4 'n Katoenstof is vir die gordyne van die vertrek gekies.
Hoe geskik sal die materiaal vir die doel wees? (2)

4.2 Bestudeer die onderstaande slaapkamer en beantwoord die vrae wat volg:



4.2.1 Identifiseer TWEE voorbeelde van ritme in die vertrek.

4.2.2 Verduidelik die manier van ritmeskepping.

Tabuleer jou antwoord soos volg.

| 4.2.1 TWEE MANIERE | 4.2.2 VERDUIDELIKING |
|---|---|
| 1. (2) | |
| 2. (2) | (2 x 2 = 4) |

(6)

4.3.1 Noem DRIE aktiwiteitsareas wat belangrik is vir 'n gesin.


4.3.2 Identifiseer die vertrekke waar hierdie aktiwiteite plaasvind.

Tabuleer jou antwoord as volg:

| 4.3.1 AKTIWITEITSAREAS | 4.3.2 VERTREKKE |
|---|---|
| • | • |
| • | • |
| • (3) | • (3) |

(6)

4.4 Bestudeer die onderstaande vloerplan en beantwoord die vrae:




4.4.1 Voldoen die verkeersvloei in die eetkamer van die gastehuis aan die vereistes?
Verduidelik jou antwoord. (4)

4.4.2 Verduidelik waarom 'n mat-onderlaag gebruik was. (3)

4.4.3 Die eienaar van hierdie gastehuis het besluit om NYLON as 'n vloerbedekking in die eetkamer area te gebruik. Verskaf die voordele en nadele van hierdie tipe vloerbedekking.

Tabuleer jou antwoord as volg:

| VOORDELE | NADELE |
|---|---|
| • | • |
| • | • |
| • | • |
| • | • |
| • (5) | • (5) |

(10)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**

## AFDELING E: PRAKTIESE AFDELING

### VRAAG 5: VOEDSEL

Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling, volgens die praktiese komponent wat jy gekies het, naamlik VRAAG 5 of 6 of 7.

5.1 Tot watter klas van verfyning behoort elk van die volgende grane?

5.1.1 Hawermoutpap

5.1.2 Mieliepap

5.1.3 Rys (3)

5.2 Besluit watter graan (semelvlokkies, mielievlokkies of rysvlokkies) 'n gesonde keuse is. Gee redes vir jou antwoord. (3)

5.3 Watter voorsorgmaatreëls kan geneem word wanneer pap gekook word om te verseker dat GEEN klonte gevorm word nie? (4)

5.4

| Warm of koue melk was beskikbaar vir die grane. |
|---|

Die melk is tot kookpunt gebring om te verseker dat dit nog warm sal wees wanneer dit gebruik gaan word. Verduidelik die effek van hitte op elk van die volgende in melk:

5.4.1 Suiker (3)

5.4.2 Vetglobules (3)

5.5 Maak voorstelle om velvorming te voorkom wanneer melk verhit word. (4)

5.6 Bestudeer die onderstaande resep en beantwoord die vrae wat volg:

BROSKOEKIES

250 g botter (275 ml)
100 g strooisuiker (125 ml)
240 g koekmeelblom (500 ml)
60 g mielieblom (maizena) (125 ml)
1 ml sout

Tradisionele mengmetode:

1. Sif die droë bestanddele saam op 'n deegplank.
2. Plaas die botter in die middel en werk die droë bestanddele geleidelik met die hande daarin.
3. Knie totdat dit glad is, maar nie olierig nie.
4. Druk ongeveer 15 mm dik op 'n gesmeerde bakplaat.
5. Probeer om 'n egalige ronde vorm te verkry. Merk die brosbrood in wiggies af en prik egalig met 'n vurk.
6. Bak 15 minute lank in 'n warm oond (200 °C) en verlaag die temperatuur daarna na 160 °C en Bak totdat dit 'n ligte strooikleur het (15 tot 20 minute lank).
7. Koel af op 'n draadrakkie.

5.6.1 Identifiseer die mengmetode wat gebruik word om broskoekies te maak. (2)

5.6.2 Watter voordeel is daar om botter te gebruik? (2)

5.6.3 Watter apparaat is die korrekte een om te gebruik in die voorbereiding? (1)

5.6.4 Gebruik die onderstaande tabel en beantwoord die volgende vrae:

| BESTANDDELE | HOEVEELHEID | HOEVEELHEID BENODIG | AANKOOPPRYS |
|---|---|---|---|
| Koekmeel | 1 kg (1 000 g) | 250 g (500 ml) | R7,95 |
| Mielieblom | 500 g | 60 g (125 ml) | R4,50 |
| Sout | 500 g | 3 g | R2,95 |
| Strooisuiker | 500 g | 150 g (175 ml) | R6,50 |
| Botter | 500 g | 150 g | R16,95 |


Bereken die koste om die hoeveelheid broskoekies te maak.
Toon alle berekeninge. (5 x 2) (10)

5.6.5 As ons 'n akkurate kosteberekening sou doen, watter ander faktore moes ook in die totale prys bereken word? (5)

**[40]**

## VRAAG 6: KLEDING

6.1 Bestudeer die onderstaande broek en beantwoord die vrae wat volg:



6.1.1 Verduidelik met 'n rede watter tipe soom gebruik kan word. (3)

6.1.2 Wat is die vereistes vir 'n netjiese soom? (5)

6.1.3 Die broek is vervaardig uit 'n 100% katoen-geweefde stof. Kies 'n geskikte tipe ritssluiter om in hierdie tipe stof te gebruik. Motiveer jou antwoord. (3)

6.1.4 Herrangskik die stappe in die korrekte volgorde om 'n ritssluiter in te sit: Skryf slegs die korrekte simbole neer.

(A) Draai die kleidingstuk om na die regtekant. Plaas die materiaal so plat as moontlik. Hand ryg oor die onderste deel en dan langs die kante 10 – 12 mm vanaf die naatlyn. Doen 'n bo-op stiksel om die buitekant van die rygsteke.

(B) Vergroot die naattoelating aan die regterkant. Plaas die oop ritssluiter met die regterkant op die naattoelating met die tande reg langs die naatlyn.

(C) Verwyder die hand rygsteke en die masjien rygsteke in die slip.

(D) Speld vas en masjienryg langs die stik riglyn op die ritsband.
Maak die ritssluiter toe.

(E) Plaas die ritssluitervoetjie links van die naald. Draai die ritssluiter om, sodat ŉ vou vorm in die naattoelating. Stik langs die rand van die vou deur al die diktes.

(F) Meet en merk die lengte van die ritsopening op die naat. Stik die naat tot by die merk, stik ŉ paar steke terug en stik die res van die naat in ŉ rygstiksel.

(G) Knip rygsteke op gelyke intervalle om die verwydering te vergemaklik.
Pars die naat oop. (7)

6.1.5 Maak voorstelle vir riglyne om te volg as ŉ patroon uitgelê word. (5)

6.1.6 Gebruik die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg:

| **MATERIAAL EN BENODIGDHEDE VIR EEN** | **HOEVEELHEID BENODIG** | **PER METER/ EENHEID** | **R** | **C** |
|---|---|---|---|---|
| Patroon | 1 | Elk | 32 | 00 |
| 1,5 m katoenstof, 140 cm wyd | 1,5 m | Per meter | 19 | 99 |
| 1 x 16-cm ritsluiter | 1 | Elk | 6 | 99 |
| 1 knoop | 1 | Elk | 2 | 49 |
| 1 x tol bypassende gare | ½ | Tol | 4 | 99 |
| 0,5 tussenbelegsel vir die band en sakopeninge | 0,25 m | Per meter | 10 | 99 |

Bereken die koste om een broek te maak.
Alle berekeninge moet gewys word. (12)

6.1.7 As ons ŉ akkurate kosteberekening sou doen, watter ander faktore moet ook in die totale prys bygereken word? (5)
**[40]**

## VRAAG 7: SAGTE MEUBELERING

7.1 7.1.1 Beskryf hoe om ŉ patroon vir ŉ lampskerm te maak. (5)

7.1.2 Wat word gebruik om die draad van die lampskerm te bedek, voordat dit met materiaal oorgetrek word en hoekom? (2)

7.1.3 Noem enige DRIE voorbeelde van versiering wat jy op die lampskerm sal aanbring om dit meer aantreklik te maak. (3)

7.1.4 Gebruik die onderstaande tabel en beantwoord die vrae:

| MATERIALE | HOEVEELHEID AANGEKOOP | HOEVEELHEID BENODIG | AANKOOPPRYS |
|---|---|---|---|
| • Materiaal | 1,5 m | 1 m | R22,50 |
| • Tussenvoering | 20 cm | 20 cm | R40,00 |
| • Gare | 1 | ½ tolletjie | R5,00 |
| • Draadskerm | 1 | 1 | R32,00 |

Bereken die koste om die lampskerm te vervaardig.
Toon alle berekeninge. (10)

7.1.5 As ons ŉ akkurate kosteberekening sou doen, watter ander faktore moet ook in die totale kosprys bygereken word? (5)

7.2 Beantwoord die volgende vrae in verband met GORDYNE:

7.2.1 Verskaf VYF voordele van die voering van gordyne. (5)

7.2.2 Die aantreklikheid van gordyne word bepaal hoe dit hang. Noem DRIE maniere hoe digtheid (volheid) in gordyne geskep kan word. (3)

7.3 7.3.1 VLOEIDIAGRAM

Die volgende stappe vir die maak van voilegordyne word aangedui. Herrangskik die stappe in die korrekte volgorde.

**A**

Druk gordyndraad deur die boonste soom en hang op

**B**

Katoen,
Voile materiaal,
Venstermate

**C**

Knipskêr, Meetapparaat
Koppiespelde, Naalde
Naaimasjien, Strykyster
Gordyndraad

**D**

- Meet en knip materiaal tot verlangde lengte.
- Vou 'n dubbele 1 cm soom na die verkeerde kant van die materiaal.
- Speld, ryg en stik
- Vou 1 cm na verkeerde kant aan boonste en onderste rafelrand en pars
- Vou nog 5,5 cm bo en onder in
- Speld, ryg en stik
- Pars gordyne

(4)

7.3.2 Dui aan watter van A tot D by elk van die produksieprosesse betrokke is.

(a) Insette
(b) Proses (Deurvoer)
(c) Uitsette (3)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING E: 40**

**GROOTTOTAAL: 200**